



TOULEIER

Afrikaners is plesierig tussen die duine



SASCOM hier in Doha, wat ek aanneem staan vir die sosiale komitee vir Suid-Afrikaners, reël toe mos laas naweek die eerste duine-uitstappie van die seisoen. Nog bietjie te vroeg as jy my vra, want somer nege-uur, al toe die sewe-en-dertig viertrek voertuie bymekaar kom daar in die suide van die skiereiland, toe maak die kwik al die middeldertigs skrik.

Maar wie's nou bang vir 'n bietjie hitte? Germaanse bruisdrankies is al vroeg in hul sponssockies soos die manne al wat 'n ghedjit uitpak om die wiele af te blaas. Daar by die Sea Line-oord, waar die teerpad opraak, trek die Boere laer.

Roep kommandant Rian Welgemoed, die konvooi se kitaarslaner en veteraan van die duine, die bestuurders bymekaar.

"Kyk mense, dit help nie julle storm die duine nie," piepie hy somer vroeg vroeg op my betterie.

Riaan en Lody doen die ding al jare, dus luister ons maar gedweë na die wysheid van die ondervinding. Hy vermaan ons weer dat mens tog maar die bande goed moet afblaas, anders is vassit nie net 'n hond se werk nie.

"Wie ry Pajeros?" vra hy met 'n skewe glimlag. 'n Klompie van ons steek huiwerig hande op. "Pasop, veral as julle die duine van voor af gaan probeer storm, gaan julle sonder agtermoederskerms sit," waarsku hy ons. "Die goed se agterstewes steek te ver uit en haak aan die grond as die duin te steil is."

Ek wonder stilweg of my kortgat Pajero'tjie ook kwalifiseer. Ek sal maar naby die ou voor my hou sodat ek kan sien wat hy doen. "En moenie op mekaar se gatte ry nie mense, gee spasie en gee wind. Kyk wie ry voor jou en wie agter jou, daar is ander konvooi ook en voor jy jou kom kry, ry jy somer agter 'n ander klomp aan," sluit hy af.

Vir dié van julle wat nuut is hier in Doha, moenie dink dis net vir ja sê en jy gaan piekniek nie. Dis 'n week se beplanning van wat als moet saamgaan. Die aand voor die tyd word daar al gepak. Gazebo, tjek. Opslaanstoele, tjek. Sonskerm, tjek. Eish, tjek. Water, tjek, opblaasmatras met holtes vir die bier, tjek. (Sien later) Wors, tjek... nee moenie daarvoor stres nie, Eugene sal bring. Die beste wors, biltong en tjilliebites buite Suid-Afrika, ek sweer!

Hierdie keer het ons reguit gesny vir die binnelandse see. Dis amper soos 'n reuse-strandmeer in die suide van die Katar-skiereiland waar die Arabiese see die land binnevloei met so 'n lang vlak tong en die grens vorm tussen Saoedi-Arabië en Katar. Ná 'n paar stoppe om te sorg dat niemand agtergebly het nie, trek ons 'n laer in 'n lang reguit lyn langs die strand af. En pak die mense van vierwiel motorfietse tot vlieërs uit. En die gebruiklike braai. Hoe dan anders?

Daar speel ligte Afrikaanse musiek op die agtergrond terwyl die kole hitte kry. Kon maar netsowel êrens langs 'n SA strand gewees het.

Ian het sy glase vergeet en sny somer 'n plastiekbottel of twee se nek af. 'n Boer maak 'n plan. Die skuimpie bly die selle, gee steeds weg dis 'n Kaptein en Coke.

Die manne wat nie vinnig genoeg die bier uitsweet nie, vat die koers water toe. Die see bly vlak vir amper honderd meter en 'n mens loop jou des moers om net naby die Agulhas-diepte te kom. Knaterwater. Jy's amper in Saoedi voor die water koeler as lou begin voel.

Agt ander mense vat 'n sonsambreel en 'n opblaasmatras met gaatjies vir die biere en gaan kampeer permanent in die watert. Kniehoogte. Lê laag soos soutwater-krokodille.

Eugene deel nog boereworsrolletjies uit en die meisies vat eish in 'n sakdoek en vryf dit oor die warm lyfies. Koelte in die warm weer. Afrikaners bly maar 'n plesierige klomp, waar hulle ook al in die wêreld kampeer.

Hennie en Annabelle Greeff

Doha, Katar

UITGEWER VAN KAMMANUUS

Allegaartjie

DIE TALIBAN

Jy is lid van die Taliban as:

1. Jy heroien verbou, maar morele besware teen bier het.
2. Jy 'n masjiengeweer van R30,000 en 'n vuurpylwerper van R50,000 besit maar nie skoene kan bekostig nie.
3. Jy meer vroue as tande het.
4. Jy jou stert met jou kaal hand afvee, maar varkspek as "onrein" beskou.
5. Jy dink TV is gevaarlik, maar jy dra gereeld plofstowwe aan jou lyf.
6. Jy verbaas is dat selfone nie net gebruik kan word om bomme te ontsteek nie.

Vrouebestuurders 2009: VIERDE PRYS



Humor in die VN

'n Brilljante voorbeeld van 'n toespraak en politiek het in die Verenigde Nasies gebeur wat die wêreldgemeenskap laat glimlag het. (Oukei, miskien net die helfte.)

'n Afgevaardigde van Israel het sy toespraak só begin:

"Voordat ek begin, wil ek julle iets oor Moses vertel. Toe hy die rots geslaan het om water te kry, het hy gedink dis somer ook 'n goeie geleentheid om te bad. Hy het sy klere uitgetrek en so gemaak. Toe hy weer wou aantrek, was sy klere weg. 'n Palestyn het dit gesteel."

Die Palestynse verteenwoordiger het woedend opgespring en geskree: "Jy praat twak! Daar was toe nog nie Palestyne daar nie!"

Die Israeli het geglimlag en gesê: "En nou dat ons daarvoor duidelikheid en eenstemmigheid het, sal ek my toespraak begin."

Plan met die landsvlag

Jacob Zuma gaan 'n afbeelding van die landsvlag op alle kondome verpligtend maak. Dit is al manier hoe hy die Boere sover gaan kry om die vlag met vreugde te hys!

Onderhoude met sokkerspelers

Moenie lag nie – Engels is ook nie ons eerste taal nie!

Lesley Manyathela

"So Lesley, tell us about your family."

Manyathela: I have one kids. I also have two brothers: There is one in front of me and one behind me.



Petoorsie en die eksperiment met wurms

Petoorsie het die wetenskap-
onderwyser in 'n wurmek-
eksperiment dopgehou.

Die eerste wurm is in alkohol
geplaas en het gevrek.

Nommer twee is in sigaretrook
dood en nommer drie in 'n
buis met sperm.

Die vierde wurm is in grond
geplaas en het oorleef.

"Wat leer die eksperiment
julle?" vra die onnie.

Petoorsie se hand was vinnig
op:

"Solank as jy drink, rook en
seks het, het jy nie wurms
nie."


NUWE WOORD

Die ATKV het beswaar gemaak
teen die woord poep.

Die nuwe woord wat aanbe-
veel word is broekhoesie.

OPTIESE ILLUSIE

Is die horisontale lyne parallel?





Dié week se giggels

Stuur gerus jou giggels aan pos@onsdorp.com

BLONDIE HELP

'n Man waai sy arms om aandag te trek op die N1 waar hy langs sy gebreekte bakkie staan.

'n Gawe blondine trek af om die ou te help.

"Hello dame, jy gaan nie dalk Pretoria se kant toe nie?", vra hy.

"Sekerlik", antwoord sy. "Het jy 'n lift nodig?"

"Nee, nie vir my nie. Ek moet my bakkie aan die gang probeer kry, maar hierdie twee chimps moet by die Pretoria dieretuin uitkom, en hulle is klaar ontsteld.

"Kan jy hulle dalk dieretuin toe vat? Ek sal jou R200 vir jou moeite gee."

Met 'n glimlag antwoord die blond: "Natuurlik. Ek is mal oor diere! Ek doen dit met graagte!"

Paar ure later ry die man in Pretoria in en ry toevallig verby die blond en sien die chimps nog steeds in haar kar.

Hy beduie haar om af te trek en hardloop hoogs die duiwel in na haar kar toe.

"Wat maak die chimps nog steeds in jou kar?! Ek het jou R200 gegee en mooi gevra om hulle dieretuin toe te vat!"

"Ek weet", antwoord Blondie.

"Ek het hulle dieretuin toe gevat, maar daar is nog geld oor, so ons is op pad Brooklyn toe om te gaan fliek."

STUDENT


Die literatuur-student loop by die boekwinkel in op soek na 'n boek vir 'n taak.

"Ek soek 'n toneelstuk van Shakespeare."

Klerk: "Watter een?"

Student: "William."

ONS SNAAKSE WÊRELD



**Ek het besluit om haar te leer praat.
Dit kan tog nie kwaad doen nie?**

GEEN NOODGEVALLE

Die plattelandse student het 'n blyplek in die stad gesoek. Uiteindelik vind hy 'n vervalde eenmanswoonstel. Dit was baie klein en donker.

"Die vensters is darem baie klein," kla hy teenoor die heksgesig-tante wat hom rondwys.

"Hulle sal nie van veel nut wees in 'n noodgeval nie," sê hy.

Waarop die tante bot antwoord: "Ons kry nooit noodgevalle hier rond nie, jong man. Al my huurders betaal vooruit."

NIE SO NIE

Landdros: "Jy kan nie vir 'n beroepsbesering eis omdat jy swanger is nie!"

Blondine: "Hoekom nie? Dit was 'n ongeluk en dit het by die werk gebeur..."

'n Liberalis is iemand wat voel hy skuld sy medemens iets, en dit dan met jou geld afbetaal.

-- G. Gordon Liddy

DIE TOWENAAR VAN ID deur Parker





Duskantland in Anderkantland

Graftes, graftes en nog graftes!

Deur **REINDERD VISSER**

Delvillebos – in die omgewing van die Sommerivier – Frankryk. Dis Julie 1916, Wêreldoorlog I. Die Geallieerdes begin 'n teenoffensief om verlore gebied van die Duitse magte terug te wen. En dis hier waar sowat 3,200 Suid-Afrikaanse soldate volkshelde word, met 'n pragtige monument en standbeeld as herinnering van hul dapperheid.

Hul opdrag? Neem die strategiese bos, ongeveer 63 hektaar groot, van die Duitsers af en verdedig die grondgebied so lank moontlik. Hul poging begin op 15 Julie 1916 en hulle is grotendeels suksesvol, maar word 6 dae later deur onder meer 'n swaar bombardement teruggedryf.

Slegs 143 soldate stap uiteindelik lewendig uit wat oor is van die bos.

Verhale van hul heldhaftigheid kom saam met hulle daar uit. Daar staan staan twee replikas van die standbeeld by Delvillebos, met die gode Kastor en Polloks (wat die Afrikaans- en Engelsprekende Suid-Afrikaners wat saam geveg het voorstel) in Duskantland: Een aan die bopunt van die Tuine in Kaapstad en die ander by die Uniegebou in Pretoria.



Maar ek het immers Vlaandere besoek, hoekom raas ek so oor 'n offensief in Frankryk, wonder jy dalk? Omdat ek, voor ek my voete vir die eerste keer in Europa gesit het, net van Suid-Afrika se aandeel in die Somme-offensief in Frankryk gewet het.

Min het ek gewet dat tienduisende Suid-Afrikaanse soldate (ten minste vier regimente) ook in Vlaandere geveg en vele gesneuwel het! Dit het ek ontdek nadat ek besluit het om die slagvelde in die Ieper-boog, soos die boogvormige front in die omgewing van Ieper bekend gestaan het, te besoek. Een van die eerste plekke wat ek besoek het, was die Menen-poort. Hier vind jy die name van byna 55,000 geallieerde soldate wie se liggame nooit op die slagvelde in die omgewing opgespoor kon word nie - in ellelange lyste op marmar verewig (daar is nog 35,000 name by een van die begraafplase).

En dit was hier by die Menenpoort waar ek tot my verbasing ook op 'n lys van meer as 500 Suid-Afrikaanse soldate, almal vermis in aksie, afgekome het! Dit is 'n klein getal teenoor die tienduisende ander name, maar ons landgenote was ook daar!

'n Besoek aan die slagvelde van Vlaandere is ook nie volledig sonder 'n besoek aan 'n paar van die 170 stuks begraafplase nie. Wat opval is hoe goed versorg die begraafplase is, selfs ná byna 100 jaar.

Die grafte lyk ook almal verskillend – die Britse grafte (en dié van hul koloniale bondgenote) is 'n reghoekige steen met 'n effense bogie bo. Buiten vir die gesneuwelde se naam (as sy naam bekend is) en sterfdatum, is die embleem van sy divisie ook daarop.

Die Franse grafte is in die vorm van 'n kruis, terwyl die Duitse stene heeltemal reghoekig is. En dit was hier waar ek nog landgenote opgespoor het. Ek het sommer dadelik gewet dis Suid-Afrikaners wat daar lê – op die grafstene was, in die plek van die Britse divisietekens, 'n Springbokkop! Die eerste graf wat ek teëgekome het, het my letterlik tot stilstand geruk. Hier het ek voor die graf van 'n medelandgenoot gestaan, ongeveer 9,000km van Duskantland, met net die volgende woorde daarop geografeer:

A SOUTH AFRICAN SOLDIER OF THE GREAT WAR - KNOWN UNTO GOD

Naamloos. Seker net aan sy uniform uitgeken. Hartverskeurend!

Dit het ook nie veel rondkyk gekos om op sommer heelwat meer Springbokkie-grafte af te kom nie. Hulle was oral – nog meer naamlose grafte, sommige het ten minste die bepaalde regiment van die soldaat aangedui. Daar was darem ook heelwat wat wel name op gehad het: Morgan, Cooper, Clark, Richards, Wheeler . . . In een begraafplaas het ek vyf Springbokkie-grafte langs mekaar raakgeloop. Almal met name op. Trouens, hierdie grafte het byna die volle verhaal vertel. Soos hier onder:

7268 PRIVATE C.J.RICHARDS 2ND REGT. SOUTH AFRICAN INF. 18TH SEPTEMBER 1917 AGE 21

Ek is nie heeltemal seker van my feite nie, maar ek verstaan dat daar ongeveer 10,000 van ons soldate gesneuwel het.

[Ons het 'n bron gekry wat sê daar was 119,000 SA soldate in WO I – 7,000 het gesneuwel en 12,000 is gewond. – Kammanuus.]

SOMERKLASSE VIR DIE STERKER GESLAG

In die volwasse leersentrum.

Registrasie sluit op 21 Oktober.

Let wel weens die moeilikheidsgraad word klasse tot agt deelnemers beperk.

KLAS 1:

Hoe om ysblokkiehouers vol te maak.

Stap-vir-stap met 'n skyfievertoning.

Maandae en Woensdae, 19:00 tot 21:00 vir vier weke.

KLAS 2:

Die rol toiletpapier - Ruil hy homself om?

Ronde tafel bespreking. Saterdag 12:00 tot 14:00 vir twee weke.

KLAS 3:

Is dit moontlik om te urineer deur die sitplek op te lig en die vloer, mure en bad te vermy?

Groepoefening. Saterdag 10:00 tot 12:00 vir twee weke.

KLAS 4:

Fundamentele verskille tussen die wasgoedmandjie en die vloer.

Met foto-illustrasie en verklarende grafika.

Saterdag 14:00 tot 16:00 vir drie weke.

KLAS 5:

Aandete-skottelgoed - Kan hulle opstyg en self in die opwasbak beland?

Video-voorbeelde ter illustrasie.

Dinsdae en Donderdae van 19:00 tot 21:00 vir vier weke.

KLAS 6:

Leer hoe om goed te vind deur op die regte plekke te kyk sonder om die huis om te keer en te skree.

Oop forum. Maandae 20:00 tot 22:00.

KLAS 7:

Hoekom dit nie sleg vir jou gesondheid is as jy vir haar blomme koop nie.

Grafika en klankkasette.

Drie aande: Maandag, Woensdag, Vrydag van 19:00 tot 21:00.

KLAS 8:

Ware mans vra aanwysings as hulle verdwaal – Persoonlike getuienisse.

Dinsdae om 18:00. Lokaal sal later aangewys word.

KLAS 9:

Is dit geneties moontlik om stil te sit terwyl sy parallel parkeer?

Bestuursimulasies. Saterdag 12:00 tot 14:00 vir vier weke.

KLAS 10:

Hoe om die ideale Inkopie-gesel te wees.

Ontspanningsoefeninge, meditasie en asemhalingsoefeninge.

Ontmoet Dinsdae en Donderdae van 19:00 tot 21:00 vir vier weke.

KLAS 11:

Hoe om serebrale atropofie teen te werk - Onthou verjaarsdae, huwelikshedenkings en ander belangrike datums.

Drie aande: Maandae, Woensdae en Vrydae van 19:00 tot 21:00 vir vier weke.

KLAS 12:

Die stoof en oond - Wat dit is, waar dit is en hoe dit gebruik word.

Praktiese demonstrasies. Dinsdae om 18:00. Lokaal sal later bepaal word.

Diplomas sal aan die oorlewendes uitgedeel word.

Só maak mens!

Kammanuus se eie tuisnywerheid

Deur **RETHA KRUGERS**

Variasies op ou gunsteling

Vandag die voorlaaste oor variasies van tradisionele gunsteling: Melkkos en Souskluitjies.

MELKKOS

125 g spaghetti, in korter stukkie gebreek (of macaroni)
150 ml koekmeel
5 ml sout
50 ml witsuiker
1 l melk
3 ekstra groot eiers, geskei
50 ml margarien
3 ml vanieljegeursel
1 ml amandelgeursel (ek sit dit nie in nie)

Kook die spaghetti in genoeg vinnig kokende soutwater tot gaar en dreineer. Meng die droe bestanddele en meng met 250ml koue melk. Klits die eiergele en voeg by. Verhit die res van die melk en die botter. Voeg 'n klein bietjie hiervan by die meelmengsel en roer dan alles by die res van die melk. Verhit oor lae hitte tot die mengsel kook en verdik. Roer gedurig om te verseker dat die eiers nie skif op die bodem nie. Voeg die spaghetti by. Klits die eierwitte tot dit sagte punte vorm en vou saam met die vanielje- en amandelgeursel by die gaar melkkos in. Strooi kaneelsuiker oor en dien op in sopborde met ekstra suiker indien verkies. Genoeg vir 4 mense

MELKKOS

500ml melk
2 e. (m.a.w. 50 ml) koekmeel
2 e. margarine
Bietjie sout

Klits alles goed in 'n bak en sit dan in die mikro - hou aan kook (op 100%) totdat dit styf is MAAR jy moet dit kort-kort roer - elke 1 minuut - anders maak dit klonte. Sodra dit dan styf is - jy sal sien dit het dan ook darem al so 'n keer of wat geborrel - gooi dan lekker baie kaneelsuiker in. Roer deur en skep in bakkies - ek gooi dan sommer weer kaneelsuiker bo-oor.

SOUSKLUITJIES

250 ml koekmeelblom
10 ml bakpoeier
2 ml sout
50 ml margarien / botter
1 eier
100 ml melk
SOUS:
500 ml kookwater
25 ml margarien / botter
Kaneelsuiker.

Sif droë bestanddele saam. Vryf 50 ml margarien in tot mengsel soos broodkrummels lyk. Klits eier en melk saam, roer by meelmengsel in en meng tot 'n sagte deeg. Voeg nog melk by indien nodig. Verhit water en 25 ml margarien tot kookpunt. Skep lepelsvol deeg in kokende water. Sit deksel op en laat kook 15 minute. Moenie deksel oplig terwyl kluitjies kook nie. Skep kluitjies met 'n gleuflepel uit in 'n diep opskepskottel. Strooi kaneelsuiker oor. Kook water waarin kluitjies gaar gemaak is weer. Voeg kaneelsuiker by en giet oor kluitjies. Jy kan nog water byvoeg indien nodig.

SOUSKLUITJIES

6 e. Meel
2 e. Botter
2 t. Bakpoeier
2 eiers

Vryf botter en meel deurmekaar. Klits eiers baie goed en meng met meel, botter en bakpoeier. As te styf is gooi melk by. Kook in ronde kastrol, met water onder in met deksel. As byna droog is, skep kluitjies uit en strooi kaneel suiker oor.

STAMBOOM

Waar pas jy in?

Gaan gerus na **Onsdorp** www.onsdorp.com/stamboom
Jy sal die wagwoord **boomstam** moet gebruik om toegang te verkry.

BRITZ

hekx@hotmail.com

Ek is op soek na my oupa grootjie se vader en moeder. Hy was Jan Arnoldus Britz - *1859 +1957.

x Androë Hendrina Visser - *1885 +1936. Woon te Dikbaslaagte, distrik Pietersburg

EUVRARD

rethajm@gmail.com

Help my bietjie ook toe? Ek soek na enige van Esmé Euvrard en Jan Cronjé se familie- kinders of kleinkinders?

Ek het al ge-Google maar nog niks konkreets!

FOURIE

maris.fourie@NMMU.ac.za

My pa is Jan Frederick Fourie, gebore op 26 September 1925 in Pearston. My ma is verlede jaar oorlede. Sy was Annie Maria Schmidt. Enige inligting?

GREEFF

dngreeff238@gmail.com

My oupa was Pieter Adriaan Greeff, getroud met Eva Skinner. Hulle seuns was Henry William Greeff 1942, Pieter Adriaan 1944 en Ffrancios Greeff 1950 en 'n dogter Edith 1946. Henry getroud met Willemiena Jacoba Coxen 1965, kinders was Francois Greeff 1965, Deon Greeff 1967, Jennifer Greeff 1969, Ernst Greeff 1970, Willemiena Jacoba Greeff 1974 en Henry William Greeff 1974. Pieter Adriaan getroud met 'n nooi Van Zyl, kinders Diane Greeff 1969, Quinten Greeff 1972, Carol Greeff 1974, Pieter Adriaan Greeff. Edith getroud met Errol van Niekerk, kinders Edith 1965, Eva 1968, Errol 1971, Patricia 1974, Gert 1978. Francois Greeff sterf in 1981 sonder kinders.



Liewe Lena

Ons seun sit in Australië en skryf hy gaan begin om judo te neem.

Hoekom sal 'n seun wat in 'n goeie Christen-huis grootgeword het so iets doen?



Suid-Afrikaanse Uitvindings

(3) Tellurometer

Voor 1955 is landmeting met ingewikkelde en tydsame handmetodes gedoen. Trevor Wadeley het die wêreld van kaarte maak met sy Tellurometer gerevolusioneer.

Dit kan afstande van tot 50 km binne millimeters akkuraat meet.

Dit is ontwikkel uit die radartegniese wat in die Tweede Wêreldoorlog geskep is.

Ons Vreemde Wêreld

Oudste man word 114

'n Amerikaanse man - Walter Breuning - het onlangs sy 114de verjaardag gevier en is nou die wêreld se oudste man nadat Henry Allingham verlede jaar op 113 oorlede is.

Allingham het altyd gespot en gesê die geheim van sy lang lewe is "sigarette, whisky en wilde vroue."

Breuning se vrou is 1957 oorlede. Hulle het nie kinders gehad nie.

Daar is drie vroue wat ook in 1896 gebore is, maar hulle is 'n paar maande ouer as hy.

Op sy verjaardagpartytjie het hy die rekenaar as die grootste moderne uitvinding beskryf.

"Dit is een van die slegste dinge wat gebeur het, want hulle het al die klerke in die spoorweë afgedank."

Hy het van 1918 af 50 jaar lank vir die Great Northern Railway in Montana gewerk.

Sy vrou was 'n telegraaf-operateur vir die spoorweë.

AGTEROS

As Pappa die dag sy pak vat

"Groot fout, Swaer: Jy lag nie vir 'n vrou wat kwaad is nie! Eers gryp sy die sleutels en gooi, maar sy mis my net-net en gooi amper die agterdeur se venster stukkend."

Hulle sê 'n mens praat nie oor jou huweliksprobleme met vreemdelinge nie. So ek het besluit ek skryf maar liewers daaroor, en as hierdie storie, soos Joost se boek net een man kan help het ek my doel bereik. Elkgeval, om 'n kort storie lank te maak gaan ek by die begin begin.

Ek het 'n sout van die aarde, kerk mens getrou die tipe mens met wie jy 'n lang pad kan loop, 'n graad R-onderwyseres, 'n saggearde Namakwa bloeiseltjie. Min het ek geweet daai bloeisel kan verander in 'n kaktus ná twee jaar se huwelik.

Elk geval, soos met meeste struwelinge in 'n huwelik begin dit gewoonlik met jou vriende en my vriende. Ek kry gister 'n oproep van my vetplantjie wat sê ons gaan vanaand baba kyk. Nou kyk, baba kyk is nie hoog op my lys van lekker dinge nie, veral nie as dit volksvreemde mense is nie.

Elkgeval, ek noem toe so saggies dat ek dit nie kan maak nie en die volgende oomblik word daar 'n selfoon in my oor neergesmyt. Ek het nie gedink 'n mens kan 'n selfoon soos 'n ou huisfoon gooi nie, maar Mamma is toe so moerig ek hoor eintlik hoe tref hy die Renault se *dashboard*. So besef ek Mamma bestuur en praat op die selfoon en raak sommer lus en rapporteer die misdadiger.

Nou ek is ook nie 'n week getroud nie en ken Mamma se twak en stuipe. Eers kry ek die stilstuipe - sy dink dit is 'n straf maar dit is eintlik baie rustig.

Toe dit nie werk nie, kry ek die koue skouer en die sarkasme. Nou as jy regtig jou vrou wil kwaad maak dat sy die mure uitklim, dan moet jy maak asof jy nie die sarkasme verstaan nie en dit ernstig opneem.

Sy het toe gedink ek gaan ingee en saamgaan om vrede te bewaar en haar, haar sin gee, maar toe nie. Toe sy besef ek gaan nie saam nie, trek daai bolippie styf soos iets in spasme, en jy moet weet as daai lippie styf trek, dan is dit nie al wat toetrek nie.

Maar so staan ek mos nie bakhand nie en ek besluit om aan te gaan met my lewe. Terwyl sy na 'n dag-oue baba deur 'n venster gaan kyk van mense wat ons een keer in twee jaar sien.

Elk geval, sy kom toe eerste by die huis en bel om te hoor waar ek rondloop. Ek verduidelik ek is by die winkel, en kom nou! Koop nogal ewe 'n Coke en Sweetie Pie vir haar om te wys ek gee om en is 'n millennium-man.

Nie dat ek bang is nie, hoor.

□ □ □ □

Elk geval, toe ek daar inkom kry ek steeds die stywe lippie, en daar is niks gemaak om te eet nie. Dit is mos die ander straf die "ek staak huiswerk omdat ek nie my sin gekry het nie".

Maar my hande is nie rond nie en ek maak vir myself 'n toebroodjie. Toe sy sien die "ek staak straf" werk nie, kom staan sy voor my en toe begin die moeilikheid. Die kerm-stadium - 'n gekerm en gekla tot in aller ewigheid.

Die Bybel praat van 'n vlammehel, ek sê dis 'n bogstorie, As daar 'n hel is sal dit wees waar jy sit met sewe vroue wat gelyk sanik oor hoe 'n goor mens en man jy nou werklik is. Die ouens wat getroud is sal beter verstaan wat ek hiermee bedoel.

Maar ek mos nie 'n klip nie, en raak ook moerig en sommer vinnig, en besluit maar nou sit ek my voet neer. Verduidelik toe vir haar dat ek nie werklik minder kan omgee oor wat haar vriende van my dink, omdat ek nie gaan goo-goo, gaa-gaa het nie. En dat sy oor dit moet kom, of haar kwessies gaan afstap en my uitlos.

Maar steeds hou sy nie op nie, en ek besluit maar nou is dit tyd om handgemeen te raak.

Nou, ek besef jy mag hulle mos nie slaan nie, en ek smyt toe maar 'n bord teen die kombuisvloer stukkend.

Man, die stukke het nog nie eens gaan stil lê nie en sy gryp my beursie en pluk my tweede laaste R50 vir die maand daar uit en sê sy gaan more 'n nuwe bord koop. Maar teen dié tyd is ek al so liries omgekrap en ek ruk sommer self my laaste R50 uit en sê sy moet maar twee koop, en ek gryp nog 'n bord en mik-mik so na haar voete met 'n wilde swaai beweging van my arm asof ek epilepsie naboots.

Sy skrik en koes-koes so gelyk, want sy dink hoe gaan sy vir haar vriende verduidelik

ek het haar toon met 'n bord gebreek. Maar met die wille aap dans van haar begin ek net te lag en besef hoe belaglik die hele affêre nou eintlik is.

Groot fout, Swaer: Jy lag nie vir 'n vrou wat kwaad is nie! Eers gryp sy die sleutels en gooi, maar sy mis my net-net en gooi amper die agterdeur se venster stukkend. Toe gryp sy 'n liter Coke. Ek wou nog koes, maar toe tref hy my net so links onderkant my meneer se punt, so langs die knie. Sjoel Dit was amper!

□ □ □ □

Maar die aanval stop toe nie daar nie en Mamma storm die kombuis binne soos een van daai mal vrouens op Flavour Flave. So besef ek ek het myself in die kombuis vasgekeer, 'n groot fout.

En die dag voor dit het ons *Ninja Assassins* gaan kyk, nog 'n groot fout. Ek dog sy sê dit was 'n simpel fliek, maar sy het duidelik meer aandag as ek gegee in die bioskoop. Sy trek daar los met kaal hande, maar daai arms swaai asof sy twee ninjakas met spykers in rondslinger.

Ek fokus en gryp haar om die polsgewrigte om die aanslag te keer, maar sy doen daai *flying-kick-back-twist-ankle-grinder* move en trap my op die bors. So skop my so hard laat ek hik en op my gat gaan sit. Daar lê ek in die kombuis langs die Addis vullisblik tussen die stukke gebreekte bord wat my selektief sny soos ek probeer spartel om weg te kom van hierdie begeesterde bloeisel.

Vir 'n oomblik is ek in skok en dit voel soos 'n ewigheid wat ek daar lê, maar vyf sekondes later sien ek hier kom sy weer, maar dié keer met 'n besem.

Wragtig 'n besem! Ek het nooit gedink sy weet wat 'n besem is nie, maar sy weet hoe om met hom te slaan.

Ek het mos nou die dag *National Geographic* gekyk en besluit om in 'n bondel te gaan lê en maak asof ek dood is, maar dit het nie gehelp nie ek het steeds slaie gekry. As dit nie was dat sy so onfiks is nie, was ek seker nou nog op die kombuisvloer tussen die splinters besig om pak te kry soos 'n bergie wat 'n fiets probeer steel het.

Toe alles kalmeer het, en die hond onder die bed uitkom en die kat van die gordynraam afklim, het ons wel lekker gelag oor die manewales en vrede gemaak.

Maar ja, die storie bewys dat daar tog mans is wat soms 'n pak slaie kry by mamma, ek het net nooit gedink ek sou een van hulle wees nie.

Die blink kant van alles is dat ek nou slaap soos 'n baba, want ek weet as daar 'n inbreker kom gaan hy goed op sy moer kry.

Ek hoop net hy breek eers 'n bord.

Klaar en gedaan. Dis die einde van hierdie
KAMMANUUS.
Die volgende een val op 18 Oktober
in jou posbus.
Mooi loop!